# HOE OM JOUSELF TEEN DIE CORONAVIRUS TE BESKERM



- **Behou 'n 2 meter afstand van ander mense**
- **Was jou hande gereeld met seep onder lopende water vir 20 sekondes**
- **BOU 'N TIPPY TAP**
  **- 'n maklike, goedkoop en veilige handewas-staander**

## INLEIDING

Hierdie stap-vir-stap-gids beskryf hoe om 'n tippy tap te bou, 'n maklike tuisgemaakte handewas-staander met lopende water.
Die Tippy tap bestaan uit 'n 5-literhouer wat op 'n horisontale stok hang. Die houer kan gekantel word deur 'n tou deur die prop te trek. Die tou word aan 'n stok op die grond vasgemaak, wat met die voet afgedruk word.

## MATERIALE BENODIG:




1. Twee takke van 1.1 meter lank, met 'n Y-vormige punt *(as jy nie Y-vormige takke kan kry nie, kan jy enige stuk hout of metaal gebruik solank jy die punte goed vasmaak met 'n tou of draad).*
2. Twee dunner stokke van 1 meter lank.
3. 'n Saag of kapmes (panga) om die hout te sny.
4. 'n Spyker
5. Stukke tou
6. 'n 5-literhouer
7. Vloeibare handewasseep of 'n stuk seep
8. 'n Sak klippe of gruis (plaaslik beskikbaar)

Blaai asseblief om vir die stap-vir-stap-gids

MINISTRY OF HEALTH AND SOCIAL SERVICES

DEVELOPMENT WORKSHOP

Funded by the European Union

Printed with funding from the European Union

# STAP-VIR-STAP GIDS

## 1. BEREI DIE STAANDER VOOR

Vat twee stukke hout of metaal, elk omtrent 1.1 meter lank. Sny twee dunner takke, elk 1 meter lank. Maak 'n stuk tou van 1 meter lank aan een van die stokke vas.

## 2. MERK DIE GAT



Merk die plek vir die gat op die houer, omtrent 12cm onderkant die prop.

## 3. MAAK DIE SPYKER WARM



Hou die spyker met 'n tang vas.

## 4. MAAK DIE GATE



Maak 'n gat in die houer met 'n warm spyker en nog 'n gat in die prop.

## 5. STEEK DIE TOU DEUR



Steek die tou, wat aan die stok vasgemaak is, deur die gat in die prop.

## 6. KNOOP DIE TOU



Maak 'n knoop aan die punt van die tou wat nie deur die gat kan pas nie.

## 7. SIT DIT AANMEKAAR



Maak die houer toe. Die stok is nou met die tou aan die houer vas.

## 8. MAAK DIE HOUER VOL



Maak die houer tot by die gat vol water en gooi vloeibare seep by.

## 9. STEEK DIE PALE IN DIE GROND



Gebruik 'n graaf en steek die pale 30cm diep in die grond in. Die afstand tussen die twee pale moet minstens 70cm wees.

## 10. HANG DIE HOUER OP



Sit die stok deur die houer se handvatsel en sit die stok tussen die pale. Verstel die tou se lengte sodat die punt van die stok omtrent 15cm bokant die grond is.

## 11. KLIP- OF GRUISDREINEERPUT



Grawe 'n gat van 50 x 50cm en 20cm diep onder die houer tussen die twee pale. Maak die gat vol gruis of klippe. Die water dreineer in die gat en voorkom dat 'n moddergat vorm. Die gruis voorkom ook dat muskiete uitbroei.

## 12. GEBRUIK DIE TIPPY TAP



Druk die stok af met jou voet. Dit kantel die houer sodat die water by die gat uitloop. Maak jou hande nat en laat los die stok. Sit seep op jou hande. Druk die stok weer af en was jou hande.